Die Goue Kalf

> *"Hy het toe die beeld van die kalf wat hulle gemaak het in die vuur gegooi. Toe dit afgekoel het, het hy dit fyn gemaal. Hy het die poeier in die water gegooi en die Israeliete gedwing om dit te drink"* **(Ex.32:20, NLV).**

Inleiding

Gedurende Moses en die Israeliete se tyd van slawerny in Egipte het hulle baie van die Egiptenare geleer, veral ook op die gebied van die chemie en metalurgie. Artikels van goud wat in Egipte opgegrawe is, wys dat ongeveer 3000v.C die Egiptenare al geweet het hoe om goud te verwerk en dit ook tot dun bladgoud uit te hamer. Labratorium toetse op ou stukke bladgoud het getoon dat die Egiptenare al geweet het om goudvelle tot 'n dukte van 6 mikron, of 0,006 mm, te verwerk *(Gold Technology in Ancient Egypt MASTERY OF METAL WORKING METHODS T. G. H. James).*

Feite aangaande die bewerkbaarheid van goud

Van alle metale is goud die mees smeebaar en velle goud kan so dun uitgerol word dat dit deursigtig is. Deursigtige velle word op sommige vliegtuie se kajuitvensters aangebring om die vorming van wasem en ys te verhoed. Goud velle kan tot 'n dukte van omtrent 0,01 mikron uitgerol word ('n duisend velle goud van 0,01 mikron opmekaar, is omtrent so duk soos een vel gewone papier!). 1 gram goud (die grote van 'n ryskorrel) kan byvoorbeeld ook uitgehamer word om 1 vierkante meter te dek. Dit is ook so plooibaar dat een ons goud, ongeveer 28 gram, in 'n draad van sowat 5-8 kilometer lank uitgerek kan word. Dit kan ook tot so 'n fyn stof verwerk word dat die grote van goudstofkorreltjies in nanometers gemeet moet word ('n menslike haar is gewoonlik tussen 80,000 – 100,000 nanometer duk en daar is ongeveer 25,400,000 nanometer in een duim (2,54 cm). Die *International System of Units* defineer een nanometer as een biljoenste van 'n meter!
'n Suspensie van nanogedeeltetjies goudstof in water het die vermoeë om dit roosrooi te kleur (Sekere soorte rooi glas is so duur omdat dit met goudstof gekleur word).
(National Nanotechnology Initiative https://www.nano.gov/nanotech-101/what/nano-size, https://www.open.edu/openlearn/science-maths- technology/science/chemistry/properties-gold, (https://www.chemicool.com/elements/gold-facts.html).

Moontlike verklaring hoekom Moses die Goue Kalf tot stof gemaal het (Ex. 32:20).

Moses het heelwaarskynlik geweet dat goudstof water rooi kan verkleur en die rooi water, as verteenwoordigend van bloed, het hy as soenoffer aangebied vir die sonde van afgodsaanbidding van sy mense:

> *"...En die volgende dag het Moses aan die volk gesê: Júlle het 'n groot sonde begaan; maar nou sal ek na die HERE opklim: miskien kan ek vir julle sonde versoening doen"* **(Ex.32:30).**

Die rooi water was ook 'n profetiese skadubeeld van wat Jesus se bloed sou doen:

> *"Hy wat my vlees eet* ***en my bloed drink****, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag"* **(Joh. 6:54).**

> *"In Hom het ons die **verlossing deur sy bloed**, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade..."* **(Ef. 1:7).**

Wat ook in gedagte gehou moet word is die feit dat die rooi water die Israeliete kon herinner het aan die bloed aan hulle deurkosyne wat hulle in Egipte beskerm het teen die oordeel van God:

> *"Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan"* **(Ex.12:13).**

Moontlik ook met **Levitikus 17:11** in gedagte wat verklaar dat die bloed versoening berkstellig, het Moses die Israeliete die water wat bloed verteenwoordig, laat drink as 'n versoeningsgebaar:

> *"Ek het vir julle die bloed gegee om daarmee versoening te doen vir julle sondes."*

Die drink van "bloed" gedurende nagmaal

Moses moes tog sekerlik geweet het dat God die drink van bloed verbied het (**Gen. 9:4**), dus was die "bloed" wat hy die mense laat drink het nie biologiese bloed nie, maar moes dit dus ook 'n skadutipe wees van die wyn wat ons gedurende nagmaal gebruik en wat die bloed van Jesus verteenwoordig:

> "*Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis, Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom"* (**1 Kor. 11:25-26).**


In Moses se geval het die verteenwoordigende "bloed" as 'n skadutipe, vorentoe heengewys na die vesoeningsdood van Jesus op die kruis. Vandag, wanneer ons die wyn wat die bloed van Jesus verteenwoordig, tydens nagmaal drink, herdenk ons die reeds volbragte versoeningswerk van Jesus op die kruis:

> *"...julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus..."* **(1 Pet.1:18-19).**

Slotsom

Vandag nog, om gered te word, moet die sondaar, figuurlik gesproke, Jesus se vleis eet en Sy bloed drink. In werklikheid beteken dit dat die sondaar sy sonde moet bely, in geloof Jesus as Saligmaker aanneem en op Sy plaasvervangende versoeningingswerk aan die kruis vertrou.

Prent van beeld oorgetrek met bladgoud



Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074